BRING HOOP - MAAK 'N VERSKIL · NG KERK NOORDELIKE SINODE

Nuusbrief - Noordelike Sinode

# verskil

Ek wil asb inteken op Verskil / Kanselleer asb my intekening op Verskil

- Noordelike Sinode se facebook (http://www.facebook.com/noordsin) en twitter (http://www.twitter.com/noordsin)
- Verskil-argief
- Geloofsvorming webblad: www.noordsingeloof.co.za
- Lig & Kerkbode
- Stabilis: www.stabilis.org.za
- Badseloop kampterrein: *nuwe webwerf:* http://www.badseloopjeugkamp.co.za/
- Emmarentia Geldenhuys Sendingsentrum: *nuwe webwerf:* www.egst.co.za
- Kerkgeboue in SA: https://www.facebook.com/Kerkgeboue







28 Mei 2015

**Nr 17/2015**

## Sake vanuit die kantoor van die Algemene Sinode

*Die volgende saak word deurgegee as deel van die kommunikasie van die Dagbestuur van die Moderamen aan die kerkverband:*



- **Omgewingsondag**

  Volgende Sondag, 7 Junie, is weer *Omgewingsondag*. Soos in die verlede sal daar vroeg volgende week, *'n preek, liturgie met 'n powerpoint presentation* beskikbaar gestel word, wat in gemeentes gebruik kan word.

- **Bybelgenootskap:**
  - Aangeheg is 'n mediavrystelling van die Bybelgenootskap ivm Comrades-atlete wat vir Bybels aan die ultra-marathon gaan deelneem.
  - Die Bybelgenootskap het ook bekendgemaak dat die Andrew Murray Spesiale toekenning vir diens aan God se Koninkryk deur die Bybelgenootskap van Suid-Afrika aan ds Gerrit Kritzinger toegeken is.

- Die **1ste Nasionale Skittervroue-konferensie** vir al die vrouelidmate van die NG Kerk in SA, vind gedurende 25-26 September 2015 in Bloemfontein plaas. Bekende sprekers soos prof Stephan Joubert, ds Liezel Krause-Wiid, asook Lindie Strydom (Geloof, Hoop en Liefde op Kyknet), tree by hierdie skittergeleentheid op. [Lees hier meer]

## Sinodale nuus



- **Bybel-lees met 'n verskil:**

Byeenkoms: Dinsdag, 3 Junie 2015 om **11:00** by **Blue Crane Restaurant**:

Teksgedeelte: 2 Korintiërs 4:13-5:1

>> *Fanie Cronjé* (083 415 1452) en *Kobus Myburgh* (083 227 7185) ontmoet jou graag daar.

- **Artikel 1 Proses : *Noordelike Sinode*** – [Lees hier verder...]

- Uitslae van gemeente-stemmings – *Neem asseblief kennis:* Uitslae moet asseblief aan u Ringskriba/-voorsitter deurgegee word. Die ring sal dan die uitslag per *moniteringsverslag* aan die sinode deurgee.
- Buitengewone Sinodesitting - 19 Junie 2015: Tydens die *Buitengewone Sinodesitting van 13 Februarie 2015* is daar reeds kennis gegee dat die volgende **Buitengewone Sinodesitting** op **19 Junie 2015** plaasvind.

  ** **Plek:** NG Doornpoort;

  ** **Tyd:** 09:00 tot 14:00. (Registrasie en koffie begin reeds 08:00)

** ‘n Skrywe in dié verband is per epos gestuur aan alle leraars en gemeentekantore.
*Vriendelike versoek:* Bevestiging van afgevaardigdes en nuwe Geloofsbriewe: moet *asb vóór of teen **10 Junie 2015*** aan Hermien deurgestuur word – dankie vir u spoedige reaksie!

---

❖ **Graad 8 en 9 Survivorkamp: 29 Junie-3 Julie 2015**
Die Ring van Pietpotgietersrus hou jaarliks ‘n SURVIVORKAMP vir alle **Graad 8 en 9 leerlinge**,te BADSELOOP
* Skakel gerus die kampleier of admin dame vir enige verdere navrae.
* Kampleier: *Ds Wimpie Jordt [083 230 2244, e-pos* kudu@lantic.net]
* Admin**:** *Me Anita Hurn* [tel 015 491 3537, e-pos admin@ngpottiessuid.org.za]
>> Kliek hier vir die inskrywingsvorm en reklameplakkaat.

# Kollega nuus

❖ **Verjaarsdagwense** - Hartlik geluk aan die volgende persone wat verjaar:

01/06 Bertus Badenhorst [Blouberg, 084 984 1742, bertusbaden@gmail.com]
Cornel Viljoen [Doornpoort, 071 880 1483, cornelmviljoen@gmail.com]
EJ Leach [Waverley-Oos, 082 459 9727, ejleach@gmail.com]
05/06 Peet Venter [Potgietersrus-Oos, 084 513 1462, phventer@mweb.co.za]
GN Meyer [Emeritus, 082 471 5408]
=================================================================
01/06 Renate Nel [Haakdoorn, 012-561 3908, jacobus.nel@telkomsa.net]
Anneliese Bothma [082 412 3479, gerliese@mweb.co.za]
02/06 Riana Fourie [Valhalla, 082 294 6284, louisfourie2008@hotmail.com]
03/06 Melanie Wildenboer [Florandia, 012-546 5689, johan.wildenboer@gmail.com]
06/06 Mandy Nel [Booysen, 083 676 1147, 4nkerk@gmail.com]

# Gemeente nuus

❖ **Magalieskruin**: *Waar koop jy die lekkerste ribburgers by ‘n “drive-thru” of stalletjie in Gauteng?* By Magalieskruin in Braam Pretoriusstraat natuurlik, op Vrydag, **05 Junie 2015** vanaf 17:00 [vooraand van 2015 se Karnaval].
** Kom besoek ook gerus die Karnaval op Saterdag, **06 Junie 2015** vanaf 08:00.
** **Navrae**: Kerkkantoor: 012-548 1245

---

❖ **Pretoria-Dowes:** Hou basaar – 35 Jaar van genade! Dit gaan ‘n heerlike saam-kuier basaar met ‘n lekker atmosfeer wees. Dit is ‘n belofte! Pretoria Dowes is bekend vir die heerlike pannekoeke wat hul verkoop. Almal word uitgenooi om self te kom kyk wat is daar nog om te geniet op DV Saterdag, **6 Junie** vanaf 09:00 by h/v Jacobsstraat en 10de Laan, Gezina (naby Builders Warehouse).
** **Navrae**: Sms: 082 503 6287 / Faks : 086 576 5091

---

# Gebedslys

*Hiermee **‘n vriendelik uitnodiging aan ons lesers**, om enige sake vir voorbidding aan ons deur te stuur – stuur dit direk aan hermien@noordsin.co.za.*

❖ **Voorbidding word gevra vir die volgende:**
- *Ebert van der Westhuizen* wat weer in die hospitaal was vir ‘n prosedure – hy ervaar baie pyn en ongemak.
- Ons het verneem dat Elvira Potgieter [Wespoort] se dogter Diandra se toestand baie ernstig is en sy daagliks verswak.
- *Karien Hamman*, eggenote van Jannie Hamman ( Ellisras-Wes) wat op 8 Junie ‘n breinoperasie ondergaan.
- *Andries Small* [Gemeentebestuurder van Louis Trichardt]: ervaar tans swak gesondheid.
- *Artikel 1 buitengewone sinodesitting van Noordelike Sinode op 19 Junie*.

❖ **Dankie vir voorbidding:** *Adéle Visser* [Saakgelastigde van Hartbeesspruit-Queenswood] skryf soos volg: *Baie dankie vir die voorbidding. Na drie weke van plat in die bed en in Herfsmed is ek terug by die werk, nog nie 100% nie, maar dit gaan elke dag beter.*

# Ander nuus

❖ 'n **Elektroniese orrel** in 'n baie goeie toestand is gratis beskikbaar. Die ontvanger sal net vir vervoer van Pretoria af moet reel. ** Belangstellendes kan vir Paul Grobler kontak by 082 653 5734 of by die Sinodehuis 012-4406525.

---

❖ **Hugenote Kollege bied aan:** Workshop: Aftercare to addicted persons

* **The overall aim of this Workshop -** To provide information that would lead to knowledge and skills to deliver an aftercare service to chemically addicted persons as part of the treatment process.

| | |
|---|---|
| **Date:** | 16 – 17 July 2015 [09h00 – 16h00] |
| **Venue:** | Hugenote Kollege, Wellington |
| **Facilitator:** | Dr MA van der Westhuizen |
| **Costs:** | R750 per person |
| **CPD Points:** | 8 |
| **Language:** | Afrikaans & English |
| **Registration:** | Contact: Hugenote Kollege │Isebell Appollis │021 873 1181 │iappollis@hugenote.com |
| **Closing Date:** | Entries closed on Wednesday, 01 July 2015. |

---

❖ **Boekbekendstelling op 8 Junie 2015** - Aangebied deur die Departement Praktiese Teologie, Teologiese Fakulteit, Universiteit van Pretoria

- Monday, the **8th of June** from 11:00-13:00
- Dutch Reformed Church South East Pretoria (Stella Street)
- R**SVP** to anchen.november@up.ac.za before 1 June 2015

Boeke: *Identity-driven Churches - Malan Nel*; *Jong teoloë praat saam - Cas Wepener*; *Kookpunt! Nadenke oor woede - Cas Wepener en Geloof anderkant Sondag - Julian Müller.*

---

## Abraham Kriel Kinderhuis – Nylstroom

[Besoek http://www.kinderhuisnylstroom.org.za]

Cecile le Roux, die *bemarker* van AKK-Nylstroom het kennis gegee van die volgende geleentheid wat gehou word *ten bate van die kinderhuis*:

❖ **Piet Byleveld – Vraag-en-antwoordtoer**: kom luister na SA se eie baasspeuder

* **Wanneer**: Vrydag, **5 Junie 2015**
* **Waar**: NG Nylstroom-Oos
* **Tyd**: 18:30 vir 19:00
* **Kontak**: Cecile by 079 878 6297

❖ **Mnr en Mej Abraham Kriel:** Kom ondersteun asseblief die Kinderhuis

* **Wanneer**: 16 Junie 2015 om 18:00
* **Kontak**: Cecile by 079 878 6297

## Harmoniehof Tuiste vir Bejaardes

"Tuiste in die stad"

❖ **Fasiliteite**:

* Selfsorgeenhede en semi-sorgeenhede met privaat badkamers; * 'n Volle versorgingseenheid met interkomverbinding; * Vier eetsale; * Selfsorginwoners ontvang 2 etes en 'n kospakkie vir aandete; Die semi- en volle versorgingseenhede ontvang 3 etes per dag; * Drie ruim sitkamers en 'n groot tuin vir saamkuier; * 'n Bussie om inwoners na geskeduleerde aktiwiteite te vervoer.

❖ **Besonderhede:**

**Adres**: Steve Bikostraat (Mearsstraat) 129, Sunnyside
**Kontak**: Tel: 012-440 3357; E-pos: admin@harmoniepark.co.za
**Webwerf**: www.harmoniepark.co.za

## Vakatures, aflosposte en aflos-aanbiedinge

❖ **Beskikbaar vir aflos:** Ds Theunis de Bruin (Emiritus) 57 jaar oud. Bly tans in Klerksdorp. Hy is beskikbaar vir aflos enige plek waar daar 'n behoefte is (SA, Namibië, Botswana) Daar moet asb huisvesting wees. Hy kan gekontak word by - epos: t@lantic.net of 0834105544.

---

- **Lys van leraars wat aangedui het dat hulle beskikbaar is** om **deeltyds of op 'n kort termyn** uit te help - Kliek hier

- **Vakatures op Kerkbode se webwerf:** Heelwat vakante poste oor die land heen is tans beskikbaar. Die amptelike bekendmaking van vakatures vir predikante is by *www.kerkbode.co.za*. Kliek by ***Amptelik – Vakatures***.

## Ten slotte

'n Komplot?..... of nie…. [kliek hier]

# BYLAES

## Bybelgenootskap van SA

### Mediavrystelling: HARDLOOP VIR BYBELS 25 JAAR OUD

Op 31 Mei sal byna 23 000 atlete voor die Durbanse Stadsaal aantree vir die 90ste Comrades Marathon, 'n ultramarathon waar beide oud en jonk die langpad aandurf om trots te kan sê: "Ek het die Comrades gehardloop."

Tussen die atlete gaan daar vir die 25ste keer meer as 'n honderd atlete wees wat vir meer as 'n medalje hardloop – hulle hardloop ook vir Bybels. Een so 'n atleet is Louis Massyn van Welkom wat vanjaar sy 43ste Comrades hardloop en vir die laaste agt jaar ook as deel van die Hardloop vir Bybels-span.

Comrades-atlete hardloop sedert 1991 vir Bybels en het oor die jare reeds meer as R9 miljoen vir Bybels geïn.

Die atlete word per kilometer geborg en vanjaar gaan hulle veral help om geld in te samel om Bybels vir Graad 7-leerders wat dit nie kan bekostig nie beskikbaar te stel asook om te help met fondse wat benodig word vir die vertaling van 'n Engelse Bybel wat spesifiek op Dowes gerig is. Vind meer uit oor hierdie projekte by www.bybelgenootskap.co.za .

"Eerstens dankie aan die talle atlete en hulle ondersteuners wat ons die afgelope 25 jaar ondersteun en dit vir duisende mense moontlik gemaak het om 'n Bybel te ontvang. Ek wil egter 'n beroep doen op ingeskrewe Comrades-atlete en op die Christengemeenskap in Suid-Afrika om hande te vat met die Bybelgenootskap en ons te help om ons taak uit te voer," sê ds Dirk Gevers, Uitvoerende Hoof van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

Die Bybelgenootskap nooi alle atlete en belangstellendes uit om die 'Hardloop vir Bybels'-stalletjie te besoek by die 'Bonitas Comrades Marathon Expo' wat van 28 tot 30 Mei in die Durban 'Exhibition Centre' aangebied word

Enige van die ingeskrewe Comrades atlete of lede van die publiek wat by die 'Hardloop vir Bybels'-projek betrokke wil raak, kan dit doen deur die Bybelgenootskap se webwerf www.bybelgenootskap.co.za te besoek of e-pos te stuur aan biblia@biblesociety.co.za of 021 910 8705 te skakel.

Terug

## NG Kerk - Skittervroue-fees: 25-26 September 2015




Die Skittervroue-fees is oor vier maande – en ons moet onsself begin gereed maak om die Koning te ontmoet!

As jy nog nie bewus is van die DATUM nie: 25 - 26 SEPTEMBER 2015.

DIE TEMA: Ester 4:14 - "*Wie weet, miskien is dit juis met die oog op 'n tyd soos hierdie dat jydie koningin geword het!*"

*WIE GAAN ONS KOM LEI?* - Prof Stephan Joubert, Liesel Krause Wiid en Lindie Strydom

WAAR MOET JY BESPREEK?: Gaan na die *Facebook/skittervroue*-blad en klik op Book Now. Op hierdie webblad sal jy die registrasievorm vind wat maklik is om te voltooi en die betalingswyse vir die registrasiefooi van R250, word ook stap vir stap aangetoon!

WAAR KAN JULLE BLY?: Vir die AA se goedgekeurde lys van gastehuise in Bloemfontein, klik hier, daar is ook 'n skakel hiervoor op die *Facebook/skittervroue*-blad beskikbaar. Vir diegene wat vinnig wil bespreek, is daar blyplek by die koshuis van Oranje Meisiesskool beskikbaar – skakel vir Beneli Pretorius by 082 648 0653 om besprekings te bevestig.

Vir enige verdere **NAVRAE**, skakel gerus vir Anso by 082 773 2612.

Terug

## Vakatures, aflosposte en aflos-aanbiedinge

- ***Leon Forsman*** is beskikbaar vir afloswerk, preekbeurte ens. Hy is bereid om te reis. Hy is beroepbaar. Kontak hom by 0817060404 of e-posadres leon.forsman1@gmail.com
- ***Hennie Horn*** beskikbaar vir enige afloswerk en preekbeurte in en om Pretoria. Sel 0827439238; landlyn 012 5485796; e-pos henniehorn@telkomsa.net.
- ***Frans Du Plessis***, *Uitvoerende Sekretaris vir Kommunikasie by KAMCARE*, is beskikbaar vir preekbeurte. Kontak hom by 012-756 4207, 084 870 5003, frans@kamcare.org.
- ***Jan Viljoen*** is beskikbaar vir preekbeurte/aflos. Kontak hom by 081 241 0676 / 012 310 9114/ dsJanViljoen@gmail.com
- ***Stanley JJ Strydom*** is beskikbaar vir aflos preekbeurte en kan reis. Kontak hom by 083 299 1090, stanley.strydom@gmail.com
- ***Ernst Muller*** in samewerking met die Taakspan Diensgetuienis is beskikbaar vir bemoedigende uitreikgerigte boodskappe. Kontak hom by 012-527-0015 / 082-656-1107, erdvark@xsinet.co.za
- Emeritus ***Bertus van der Westhuyzen*** is beskikbaar vir afloswerk landswyd, sowel as in Namibië. Kontak hom by b@telkomsa.net of 082 788 4466
- ***Corrie Greeff (beroepbaar)*** is beskikbaar vir *afloswerk en preekbeurte*. Kontaknommer: 0829285586. E-pos: cwgreeff@absamail.co.za
- ***Anton Binneman*** is beskikbaar vir aflos preekbeurte. Kontak hom by sel 083 236 3590, of drbinneman@gmail.com
- ***Danie van Niekerk*** - Woonagtig in Centurion en is ook beskikbaar vir preekbeurte. Kontak besonderhede: epos: vanniekerkmail@gmail.com en selfoon: 082 045 6881
- ***Dr Jannie Botha*** - Pretoria en omgewing. Kontak hom by telefoon: 083 303 9767 of 012 344 3768 of jjbotha@mweb.co.za
- ***Dr Louis van Deventer*** is beskikbaar om af te los in 'n gemeente. *Kontakbesonderhede:* e-pos louisvand@absamail.co.za Landlyn: 012 567 6566. Selfoon: 082 567 0945
- ***Francois Schwalb*** het sy Teologiese opleiding by Stellenbosch Universiteit voltooi. Hy werk tans by ZZ2 in Limpopo (Mooketsi - naby Tzaneen) as bemarker. Hy is beskikbaar om af te los of preekbeurte waar te neem by gemeentes in die omliggende area. Kontak hom by francois@zz2online.com of 083 257 8405 / 015-395 8207.

**Teologiese studente en proponente:**

* Neem asseblief kennis dat die "rubriek" ontstaan het nadat ons navraag ontvang het vanaf gemeentes wat leraars se hulp op 'n kort termyn nodig het, asook *leraars* wat beskikbaar is om deeltyds of op 'n kort termyn te help.

* Die Fakulteit (Univ van Pretoria) stel, net na die legitimasie gedurende November, wel die name en kontakbesonderhede van die proponente beskikbaar. Dit word dan in die Kerkbode opgeneem en wyd versprei.

Terug

# Ten slotte

Terug

